VOORBIDDING:

Wêreld: Oostenryk, Liechtenstein en Switserland. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur. Onrus en onsekerhede in Zimbabwe.
RSA & Dorp: Onderwys en Opleiding - universiteite, tegnikons, skole, leerkragte, studente en leerders. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing. 'n Geseënde toekoms vir alle Suid-Afrikaners. Brande en brandslagoffers in die Wes-Kaap en droogtegeteisterde gebiede in die Wes-Kaap asook die hele land.
Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Almal betrokke by kategese, jeugdiens en groepe. Geseënde sewe-weke-preekreeks.
Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Floris Baker (Brandwacht), Sias de Kock (Antonie singel), Margaret du Toit (De Oewer), Ilanie Durand (De Bosch), Henriëtte Loubser (Longifolia), Dirk Louw (Fairways) en Madre Stofberg (Brandwacht).

Versoek van ons kosspan

Die kosspan wat Maandae kos vir Nagskuiling kook, vra groot asseblief vir aartappels en wortels. Droë produkte soos pasta en rys is steeds welkom. Baie dankie!

Tienerkamp 2019 uitgestel

Weens verskeie botsings met ons hoërskole se kalenders, moes ons ongelukkig die tienerkamp tot verdere kennisgewing uitstel. Die kreatiewe span van die Jeugbediening is reeds hard besig om nuwe planne te beraam - ons sal julle op hoogte hou!

GROENgedagte #124 Die deel van die Earth Charter hierdie week fokus op die groter geheel waarvan ons deel is. Ons leef nie op 'n eiland nie. En selfs al het ons op 'n eiland geleef, sou ons lankal nie meer die bestaan van die groter geheel en die invloed daarvan op ons kon ontken nie. Die "global village"-realiteit tref ons al hoe meer. Meer en meer word pogings aangewend om regerings reg oor die wêreld aan te spoor en verantwoordbaar te hou, veral ook ten opsigte van klimaatsverandering en die algemene impak daarvan op die globale ekostelsel. Te dikwels is dit net leë woorde en leë beloftes ... ***Earth Charter... Universal Responsibility:*** *To realize these aspirations, we must decide to live with a sense of universal responsibility, identifying ourselves with the whole Earth community as well as our local communities. We are at once citizens of different nations and of one world in which the local and global are linked. Everyone shares responsibility for the present and future well-being of the human family and the larger living world. The spirit of human solidarity and kinship with all life is strengthened when we live with reverence for the mystery of being, gratitude for the gift of life, and humility regarding the human place in nature.* Wanneer jy hierdie week die nuus lees, let op die verskillende berigte wat ook die globale krisis uitlig ... walvisjag, reënwoude wat teen 'n verbysterende tempo uitgeroei word, rekord hoë temperature in Australië en ys wat teen 'n hoër as verwagte tempo in die Arktiese sirkels smelt. Al dink jy dalk nie so nie, maar al hierdie gebeure het ook 'n invloed op ons hier aan die suidpunt van Afrika.

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Sondag 10 Februarie 2019

Vyfde Sondag ná Epifanie

Belydenisaflegging
Biddag vir Opvoeding en Onderwys

Jaartema: Dissipels groei saam nader aan Christus deur die Gees.

Tema	Blom waar jy geplant is?
Teks	Jeremia 29: 4 - 7
Prediker	Leon Cronje
08:45	Gebedsgeleentheid (komiteekamer)
09:30	Erediens
09:30	Kleuterkerk en Junior Kategese
10:30	Tee en koffie by ons Koinonia Kafee (leeskamer)
10:30	Kerkbiblioteek (Vierkant)
18:00	Jeugdiens: Groei waar jy geplant is (kerksaal)

Belydenisaflegging vandag

Ons vier vandag die lewe saam met 20 jongmense wat belydenis van geloof gaan aflê. Welkom aan hulle en hulle ouers en familie. Dit is 'n voorreg om hierdie mylpaal saam met julle te vier: Liané Carstens, Gerhard Cloete, Mell Conradie, Chané Crocker, Charl Cronje, Ruben Fortuin, Heinrich Hattingh, Elizna Horn, Antonie Jacobs, Jeané Kriek, Julius Kruger, Locia Krüger, Elsabé Maree, De Wet Mostert, Nicola Otto, Erna Schoonees, Annalie Swanepoel, Tjaart van der Walt, Jenna van Eck en Jaco van Schalkwyk.

Hulp gevra vir VGK Simondium

Dié gemeente het 'n bakkie waarmee hulle baie bedieningswerk verrig. Die bakkie is ongelukkig gesteel en die bedrag wat die versekering gaan uitbetaal, is nie genoeg om weer 'n betroubare bakkie aan te koop nie. Indien u dalk kan help of weet van 'n betroubare, gebruikte bakkie wat hulle kan bekom teen 'n billike prys, kontak asb vir Leon Cronje (021 886 5115).

Is jy nuut by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. **Kom geniet gerus 'n koppie tee en lekker koffie in die leeskamer en neem 'n boek uit by ons biblioteek in die vierkant.**

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK: Maandag 11/2 tot Sondag 17/2

Di 12/2	10:00	Bybelstudie (Bonheur)
Wo 13/2	09:00 & 19:00 09:00 - 12:00	**Geloofsgroei-byeenkomste** in die konsistorie. Almal welkom. **Marktafel en Kuiertafels**
Do 14/2	09:00 - 12:00	**Naaldwerkbediening:** Kontak Anette Cronje by 021 886 5115 as jy saam wil kom werk aan al die projekte wat hulle aanpak. **ONTHOU: Dis VALENTYNSDAG!**
So 17/2	09:30 09:30 10:30 18:00 18:00	**Erediens**: Monty Sahd Kleuterkerk en junior kategese Tee en koffie by ons Koinonia Kafee in die leeskamer Jeugdiens in die kerksaal Diens by Bonheur

Die deuroffer vandag gaan aan Badisa: Badisa beteken **BA**rmhartigheid (NGK se omgee uitreik) en **DI**akonale dienste (VGK se omgee uitreik) wat **SA**am funksioneer. Hierdie gesamentlike aksies van ons kerke bied maatskaplike dienste en versorging vir alle soorte mense met ongeveer alle soorte behoeftes. Badisa koördineer die barmhartigheidsbediening van die NG Kerk in die Wes-Kaap en die VGK (Kaapland). Badisa se bediening fokus onder andere ook op die bekamping van middel-afhanklikheid, wat aansluit by ons tema vir Februarie. Badisa ondersteun twee sentrums vir middel-afhanklikheid.

Die deuroffer verlede week aan Ramot was R2 144-00. Baie dankie!
Volgende week se deuroffer gaan aan ABBA.

Klub Sonder Brieke skop af op 21 Februarie

Let asseblief daarop dat die datum van die vrugtefees verander na 21 Februarie.

Tyd: 11:00 vir 11:30 **Plek:** Kerksaal **Koste:** GRATIS!!

Gee jou naam op by die kerkkantooor voor/op 15 Februarie. Moenie hierdie lekker saamkuiergeleentheid misloop nie!

Herwinningspapier

Papier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdeksel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word. Skoon glasflessies vir konfyt is altyd welkom. Daar is ook herwinningsakke in die mandjie by die staalhek of in die kerkkantoor beskikbaar.

ONS KANTOORURE:
Ma: 09:00 - 13:00 & Di - Vr: 08:00 - 13:00

Betaal met SNAPSCAN

(onthou om 'n verwysing in te tik.)

Internasionale studente bediening (" Friends of All Nations Stellenbosch")

Engelstalige multi-kulturele erediens elke Sondag om 10:30 in die Khaya, langs die Kruiskerk. Almal is welkom! 'n Ondersteuningsgroep vir vroue van internasionale studente word gehou elke Dinsdag om 10:00 in die Khaya. Vir meer inligting kontak Jurie Goosen (083 2355 920) of stuur 'n e-pos na goosens@isales.co.za

Geloofsgroei: Genooi om te volg

Hierdie tema wil ons help om Jesus beter te leer ken. Onthou egter dat lees net 'n begin is, want ons leer Jesus werklik ken deur Hom te volg. Hy nooi ons dan ook om agter Hom aan te kom en neem ons stap vir stap deur die lewe. Dikwels lei Jesus anders as wat ons verwag; telkens neem Hy ons waar ons nie wil wees nie. Dis 'n waagstuk om ja te sê vir Jesus. **Almal is welkom om die Geloofsgroei byeenkomste op Woensdae om 09:00 of 19:00 in die konsistorie by te woon. Monty Sahd is die aanbieder in die eerste kwartaal.**

Ons Barmhartigheidstema vir Februarie is mense wat 'n stryd voer teen middel-afhanklikheid.

Ons gemeente samel elke maand iets in wat by die tema pas. **Hierdie maand samel ons toiletware in vir mense wat vir behandeling moet gaan.**

Sit jou bydrae op die B-Aksie se tafel of in die mandjies by die deure of bring asb na die kerkkantoor.

Ons deuroffers sluit aan by hierdie tema en gaan in Februarie aan Ramot, Badisa, ABBA en Straatwerk.

Tellers gesoek

Kontak Nina van Niekerk (kassier@stelwel.co.za / 021 886 5975) as jy graag deel van die groepie tellers wil wees wat op Maandae tussen 09:00 en 10:00 vir haar help om die deuroffers en bankoffers van Sondae te sorteer en te tel. Geen vorige finansiële ondervinding is nodig nie, net 'n bereidwilligheid om diensbaar te wees en 'n uur op 'n Maandagoggend af te staan!

As jy dalk wonder hoekom jy hierdie woord al hoe meer hoor … dit gaan oor die herwinning van verhoudinge - oor die besef dat ons 'n geloofsGEMEENSKAP is en dat ons ook moet groei in ons verhoudinge met mekaar, mekaar moet vertrou en moet help en daar wees vir mekaar deur dik en dun.

In die samelewing waar dit meer en meer almal vir hom- of haarself is, selfs in gesinne, wil ons eerder 'n kultuur skep wat sê: een vir almal en almal vir een! Ons streef na 'n gemeenskap waar ons nie maskers hoef te dra nie, waar ons met eerlikheid broos mag wees en weet ons sal nie verwerp word nie. Ons wil mekaar aanmoedig om spontane koinonia-geleenthede raak te sien en te benut. Ons hoor van iemand wat in haar straat mense nooi vir ete na haar huis en die volgende stap is 'n safari-ete in die straat! Ons hoor van iemand wat ná die "parkrun" koffie drink saam met ander gemeentelede om hulle beter te leer ken.

Hier by die kerk is ook koinonia-geleenthede: kom sit en kuier ná ons erediens met iemand wat jy dalk nie so goed ken nie of kom kuier om 'n tafel op 'n Woensdagoggend!

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za